4 FEBRUARIE 2018

09:00 Erediens – Doop

Peet Crous

Splinter vertroue! Hos 8

Rossouw Boshoff (Charlene en Rossouw), Jan van Zyl (Tarina en Izak van Zyl) word vanoggend gedoop. Baie welkom aan al die vriende en familie.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 kleuterkerk

Skattejag! Almal welkom!

09:30 Lynnwood Oord-diens

Johan Jooste Gen 11:1-9

18:00 Belydenisaflegging & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden

'So glo ek'

Geen Belydenisklas a.g.v kamp

Baie geluk aan die volgende jongmense wat vanaand belydenis van geloof aflê: Annerie Bekker, Charl Botes, Liam Coetzee, Elizna Grobler, Rynhardt Jonker, Anton Josling, Tiaan Kruger, Mischa Kuschke, Brendan Louw, Quillan McIntyre, Corla-li Schmidt, Michael Stoop en Christoph van Eetveldt.

11 FEBRUARIE 2018

09:00 Erediens

Eric Scholtz

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 kleuterkerk

Almal welkom!

18:00 Nagmaalsfees & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Immanuel van Tonder

Saam met Jesus aan Tafel

Ons eet weer saam – haal jou piekniekmandjie uit en nooi solank jou vriende en familie!

Mentors : 2018 Belydenisklas

Alle mentors van ons huidige belydenisklas word vriendelik versoek om die mentorskapkursus op 11 Februarie vanaf 10:30 tot 11:30 **óf** op 13 Februarie vanaf 18:30 tot 19:30 by te woon. Beide geleenthede vind in die jeugsentrum (**A21**) plaas.

Ouers met jong kinders

Is u die trotse ouers van jong kinders. Wil u inskakel by 'n omgeegroep saam met ouers in dieselfde bootjie? Belangstellendes ontmoet mekaar na die oggenddiens in die Kapel. Navrae: Stanley Strydom – 083 299 1090 of stanley.strydom@gmail.com.

Welkom aan ons nuwe Gemeentejaarstudent

"Goeiedag gemeente! Ek is nuut. Ek wil myself voorstel aan julle, omdat ek die jaar bietjie saam met julle gaan stap. Na 5 jaar se akademie is ek bevoorreg om my gemeentejaar by Lynnwood Gemeente te kan doen. Julle gaan my gereeld sien by die kerk – kyk maar uit vir die man met die lang blonde hare. Asseblief moet nie skaam wees om met my 'n geselsie aan te knoop, of selfs saam met my 'n koffie te gaan gryp nie. Die twee wekies wat ek myself tuis gemaak het by julle, het ek net gasvryheid en liefde ontvang en ek wil baie dankie sê, omdat dit my tot dusver baie tuis laat voel. Ten slotte is die jaar vir my en vir julle, maar dis eerstens vir God so kom ons maak dit 'n groot een."

Juan Aveling

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Diensverhoudinge Bedieningvergadering** 18:30 (kerkkantoor).
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse begin** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Gemeentevroue Groep 11** 16:30 (Koinonia) – onthou ons eerste byeenkoms van die jaar! Spreker: *Ds. Peet Crous kom besoek ons en sal praat oor "Enkele halwe waarhede in die Christendom".* Almal is baie welkom.
Woensdag:	**Ratanang (uitstappie vir die bestaande groep)** 10:45 – 15:00. Annatjie Pienaar 072 146 8212. **Studente en Jongvolwasse afskop met PiQuizza-aand** 18:30 (vierkant) meer inligting hieronder
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Pieter en Alta Pienaar en familie, Elizabeth Grove 415, Lynnwood, 083 542 3242 – Alta se ma, mev Linda Oosthuizen (vrou van ds. Dirk Oosthuizen), is oorlede.
Ludwig en Cecilia Röder, Monicaweg 453B, Lynnwood, 082 877 3523 – Ludwig se broer oorlede. Begrafnis was Dinsdag.

Bewys van lidmaatskap:

Ina Schoonraad, Lynnwood Oord 2, The Hillside 315, Lynnwood, 082 675 0461.
Pieter, Bernice en Niané Human, Alpineweg 315, Hillside Village, Lynnwood, 082 824 0371.
Pieter, Petra, Tiaan en Carin Vermeulen, Om-de-Berg 397A, Lynnwood, 082 411 6277.

Ver te min:

By die junior kategese kort ons 'n hele paar kategete om op 'n aflosbasis behulpsaam te wees.

Vervoer:

Benodig dames en/of mans om te help met vervoer van Lynnwood Oord-inwoners na Glen Fair-winkelsentrum die 1ste en 3de Woensdag van elke maand. Skakel asseblief die kerkkantoor indien u bereid is om te help.

Tabita Naaldwerkklasse:

Tabita Naaldwerkklasse begin weer op **Dinsdag 6 en Donderdag 8 Februarie 2018**.
Selma du Preez 082 448 6413.

PiQuissa-aand 7 Februarie:

By Lynnwood se eie Pizza-oond (by die vierkant). Vanaf 18:30 (vir 19:00) tot 22:00. Bring asseblief drinkgoed, *toppings* en R20 saam. Navrae: Fay 083 478 0854 of Jeanri 074 893 2836.

Survivorkamp – 16 tot 18 Maart:

Alle graad 8's en 9's merk die datum op jou kalender, want jy wil nie hierdie kamp misloop nie. Hou hierdie spasie dop vir meer inligting!

Oop vir die Oomblik – jaarkursus:

Begin 15 Februarie – navrae: wnicol@mweb.co.za.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay
SnapScan

Kontak van die week: Oor mag en 'n gebabbel

Die psigoloog, Adler, het gemeen dat die mens 'n oerdrang na mag het. Deesdae wil mens amper saamstem. Dit is asof die wêreld 'n speelveld vir allerlei magspeletjies geword het. Veralgemenend maak jy jouself wys: politici is openlik magsugtig, geldmagnate doen dit slinks, skynheiliges is agteraf, statussoekers domineer en base is baasspelerig.

Van oudsher is die begeerte na mag by die mens opgemerk. Elke kultuur het sy eie verhale daaroor, maar seker die mooiste is dié van die toring van Babel. Die skrywer daarvan vertel dit speels, want so hoort dit; jy kan oor die mens se magsdrang net lag. Die verhaal is vol woordspelings, wat in die vertaling verlore moes gaan, maar wat die humor daarvan uitlig.

Dit begin daarmee dat die "seuns van die mense" vir hulleself "'n naam wou maak" (letterlike vertaling). Hoe doen mens dit? Jy bou 'n toring. In Hebreeus is daar 'n woordspel met seuns (*binee*) en bou (*banu*): *Big boys build big buildings.* Nou nog. Hulle bou dit nie net van sement en stene nie, maar op allerlei maniere in hul strewe na mag.

Die verhaal is vol pret. Hierdie grootste van alle torings is nie van die hemel af sigbaar nie: God moet afkom om dit raak te sien. Boonop raak alles deurmekaar. Die bouers van Babel begin babbel. Die sug na mag verstaan nie woorde nie. Woorde vereis denke; mag is arm aan begrip. Die mens het die gawe van taal ontvang wat begrip tussen mense moontlik maak, maar magsdrif maak hom redeloos.

Wanneer mag boos raak, word woorde lastig. Adolf Hitler het nie van debat, die "oop gesprek", gehou nie en toe die Nazi's begin om die boeke waarvan hulle verskil te verbrand, het Heinrich Heine gewaarsku: "Waar die mens boeke verbrand, daar verbrand hy later ook mense." 'n Voorspelling wat waar geword het.

Vir seker is ideale en die behoefte daaraan om ook iets te beteken en iets te bereik nie verkeerd nie. Inteendeel! Dit is verkeerd om die gawes wat God jou gee te begrawe en nie daarmee te woeker nie. Maar dit is iets anders as wanneer magsdrif jou redeloos en onverstaanbaar maak. 'n Onversadigbare sug na al hoe groter mag - meer geld, meer status - wat alle menslikheid en etiese optrede negeer is tog onverstaanbaar?

In Genesis word hierdie verhaal opgevolg met die roeping van Abram. Letterlik staan daar dat toe die Here hom roep, Hy beloof: "Ek sal jou 'n man van naam maak."
Die Babiloniërs wou vir hulleself 'n naam maak.
Die Here beloof Abram dat hy hom 'n mens van naam sal maak.

Laat mens dink, nê?

Johan Jooste
(namens predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Eco-bakstene: Mense is welkom om nog steeds eco-bakstene na die kerk te bring.

Tuinwoonstel vir enkelpersoon - Menlopark: Ten volle gemeubileerd (1 slaapkamer). Naby aan die skole en Universiteit van Pretoria. Privaat met eie tuin. TV/DVD. DSTv dekodeerder beskikbaar (huurder moet inteken). Dadelik beskikbaar. R6000 pm water en elektrisiteit ingesluit. Skakel Max by 074 479 3982.

Vakature gevra: Dringend opsoek na werk, asseblief! Vol- of deeltyds – kan binne 24 uur begin werk. Ervaring in huise oppas. Oppas van ouer mense wat hulp benodig. Beskikbaar vir datavaslegging of diens by 'n *Call Centre*. Het ook ondervinding as makelaar (JSE) en Koöp. Adviseur. CV met verwysings beskikbaar. Skakel of *whatsapp* asseblief vir Werner Erasmus 072 172 2351 indien u kan help.

Pragtige ruim 3 slaapkamer eenheid met tuin (Duplex) te huur in Kings Highway. Kombuis en badkamers onlangs nuut oorgedoen. Baie goeie sekuriteit en geleë in rustige, boomryke en stil area. Kontak Alta by 082 997 2955 indien jy belangstel en wil kom besigtig 082 997 2955.

Kennisgewingsborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of
e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.